# DIE WÊRELD EN ONS.

Gedurende die jaar 1949 het Sowjet-Rusland twee groot suksesse behaal, n.l. die oorwinning van die Kommunisme in China en die vervaardiging van die atoombom, albei gebeurtenisse wat vir sy westerse teenstanders 'n groot ontngtering was. Daarteenoor het die politiek van die Kremlin 'n ernstige nederlaag gely deur die afvalligheid van Suid-Slawië onder Tito, 'n geval van "when thieves fall out." Daardeur is 'n bres geslaan in die westerse bastion van die Sowjets en die westerse moondhede het gretiglik van die opening gebruik gemaak. Ewe skielik is Tito nou weer persona grata wat ekonomiese hulp van Amerika ontvang in ruil waarvoor hy politieke steun aan Amerika gee in die vergaderinge van die V.V.O.

Afgesien daarvan sit die Kommunisme sy opmars in die Verre Ooste voort, soos blyk uit gebeurtenisse in Frans Agter-Indië waar Rusland die kommunistiese rebelle-bewind erken het tot groot ergernis van 'n magtelose en politieke verdeelde Frankryk wat op die duur daar sal moet padgee, net soos Nederland uit Indonesië. Wat laasgenoemde betref, lees ons hier 'n droewige bladsy in die glorieryke historie van die Nederlandse koloniale ontwikkeling. Die Indonesiese Republiek moes onder druk van die V.V.O. deur Nederland erken word en daardeur het die Republikeinse strewe van Hatta en sy konfraters 'n volkome triomf behaal. Die opstrewende nasionalisme van 'n oosterse volk mag aldus bevredig word, maar mens moet onthou dat die bevolking van die nuwe staat geen homogene eenheid is nie; nog minder het hulle enige ervaring en tradisie van selfregering, anders as in die geval van die Britse ryksdele wat onafhanklik word, en mens wonder of baie Indonesiërs nie nog sal terugverlang na die vleespotte van Egipte nie.

Vir Nederland self is die beëindiging van 'n 350-jarige bewind in die ooste 'n ontsettende verlies van politieke prestige en dit word vererger deur die ekonomiese nadele verbonde aan die prysgawe van so 'n ryk gebied. As beleggingsgebied vir Nederlandse kapitaal is die Republiek lank nie so aantreklik as 'n kolonie waaroor volle politieke beheer uitgeoefen word nie. Wel is die pil versuiker deurdat die Republiek in 'n soort Unie met die Nederlandse kroon betrokke is, maar dit is 'n band van sy wat net so breekbaar is as die konneksie tussen Engeland en Indië.

Vir Europa in die algemeen en vir die blanke ras in Suid-Afrika is bogenoemde gebeurtenis nie sonder betekenis nie. Uit die breë oogpunt van die Europese ekspansiebeweging na die Ooste is dit sekerlik 'n terugslag en een van die tekens van die beëindiging daarvan. Met die verwer-

ping van Europese oorheersing gaan ook gepaard 'n versterking van oosterse nasionalisme en die nuwe gevoel van eiewaarde sal waarskynlik ook tot uiting kom in 'n neiging om aansluiting te soek by ander vrygeworde oosterse volke. Dit sal terselfdertyd die vryheidstrewe van die oorgeblewe onderworpe oosterlinge in die hand werk en aktief aanmoedig.

Ook die geskiedenis van ons eie land is nou verbonde aan die Nederlandse kolonisasiepoging in Oos-Asië. Die verversingspos aan die Kaap is oorspronklik gestig juis om die handelseksploitasie van die Kompanjie in die Ooste te vergemaklik en meer as 150 jaar lank was die Kaap hoofsaaklik as verbindingskakel met die Ooste van betekenis. Die geskiedenis van die Kaap onder Kompanjiesbewind is dan ook deel van die geskiedenis van Nederlands-Indië en gedurende baie jare was Kaapstad slegs 'n takkantoor van Batavia. Ons kan dus nie onverskillig staan teenoor hierdie gewelddadige verbreking van historiese bande nie, hoeseer ons ook al mag simpatiseer met die vryheidstrewe van 'n ander jong volk. Daarby moet ons ook die houding van mede-Calviniste in Nederland wat, by monde van die Anti-Revolusionêre Party hierdie skeiding hartstogtelik beveg het, simpatiek begryp. Die smart van Nederland gaan ons diep ter harte, maar laat dit sy troos wees dat sy posisie nie uniek is nie. Hier is wêreldmagte op die spel waarteen elke individuele staat magteloos is.

Intussen is 'n algemene botsing tussen Ooste en Weste in die nabye toekoms hoogs onwaarskynlik al is dit slegs om finansiële redes. Moderne gemeganiseerde en wetenskaplike oorlogvoering kos oneindig duur, selfs veel meer nog as tydens die afgelope oorlog, sodat geen enkele staat dit uit eie bronne kan bekostig nie. Na berekening kos een enkele spuitvliegtuig ongeveer £500,000 en selfs die landmagte sal duur uitrusting moet gebruik soos Radar wat voorheen beperk was tot die lug- en seestrydkragte. 'n Vermindering van bewapeningskoste en 'n verslapping in die bewapeningswedloop sal daarby 'n enorme ekonomiese verligting vir die betrokke lande ten gevolge hê. Daarom sal, nieteenstaande alle verskille en geskille in die raadsale van die V.V.O. en nieteenstaande alle dreigemente oor en weer, die moondhede tweemaal dink voor hulle weer die oorlogshonde ontketen in 'n wêreld wat smag na rus en vrede.

Hierdie keer sal die wêreld enigiets verdra van Rusland, behalwe 'n direkte militêre bedreiging, en selfs enige bewind, hoe diktatoriaal en misdadig ook al, verduur. Lord Acton het wel eenmaal geskryf: "All power corrupts, and absolute power corrupts absolutely," maar al is dit net so waar van Stalin as van Hitler se bewind, sal ons dit met die oog op bostaande hierdie keer nie weer as oorlogsmotief gebruik nie. Die resultaat van die afgelope oorlog was les genoeg en utopiese drome het soos mis voor die môreson verdwyn.

Inmiddels staan Groot Brittanje op die vooraand van 'n algemene verkiesing, die uitslag waarvan nie met sekerheid voorspel kan word nie. Wat seker is, is dat die Arbeiderbewind baie stemme sal verloor. Sy sosialistiese maatreëls soos die nasionalisering van die steenkoolmyne, die spoorweë en die Bank van Engeland, sowel as sy verdere voorgestelde program tesame met sy „austerity"-regulasies het hom by die konserwatiewe sowel as ander klasse onbemind gemaak. Daar bestaan wydverspreide ontevredenheid, ook by die meer imperialistiesgesinde groepe wat die verlies van Indië en ander dele van die Ryk toeskryf aan die swakheid van die regering. Dit is heeltemal moontlik dat die vyfjarige bewind van Attlee sý einde nader net soos die sosialistiese eksperiment in Australië en die Arbeiderregering in Nu-Seeland.

'n Bewindsverandering in Engeland sal Suid-Afrika nie wesenlik beinvloed nie. "Freedom once conferred, can never be revoked." Ons gaan selfs verder en is op die oomblik besig om een van die laaste konstitusionele skakels met Engeland, n.l. die reg van appél na die Geheime Raad, af te skaf. Ons grootste moeilikheid bly nog altyd die verhouding tussen blank en gekleurd. Die inwyding van die nobele monument in Pretoria was vir die meeste blankes nie net 'n ontroerende, eenmalige, persoonlike moment nie, maar ook 'n simboliese gebeurtenis: **tegelyk die wyding van 'n gedenkteken aan die nagedagtenis van die Voortrekkers wat alles in die verlede vir die behoud van 'n blank Suid-Afrika gedoen het, en 'n toewyding van onsself aan die toekoms van daardie selfde blankedom.** Vir die naturelle het dit alles slegs negatiewe betekenis gehad, as die triomf van blanke baasskap. Daarom kon 'n naturelle-leier op 16 Desember met wrewel in sy hart en dwaasheid in sy hoof Dingaan huldig as groot kampvegter van inboorlingvryheid teen die opdringende Boereveroweraars. Sy advies aan sy toehoorders was voorts dat Dingaan as held en as inspirasie vereer moet word. Hoe ongebalanseerd hierdie uitlatings ook al mag gewees het, moet sulke misleide mense besef dat, as Dingaan se metodes ooit tot herlewing kom, dit sekerlik sal lei tot die snelste oplossing van die naturelle-probleem wat maar denkbaar is, want van Hlomo Amabuta na Bloedrivier is slegs 'n skrede wat ons selfs die dwaaste naturel nie nog 'n keer gun nie.

Intussen kom onluste en demonstrasies sporadies voor en, merkwaardig genoeg, uit die naturellegevoel hom in die eerste plek nie soseer teen alle blankes nie maar in besonder teen die Afrikaanssprekendes. „Boer" word sinoniem met onderdrukker, en alle getuienis tot die teendeel word geïgnoreer. Net soos honderd jaar gelede is daar weer blankes wat hulle voordoen as die kampioene en pleitbesorgers van die inboorlinge,

tot skade van Suid-Afrika as geheel. Die owerheid staan hierteenoor vrywel magteloos, en moet die hoon verduur van elke kleurling in die buiteland, van Jamaica tot Guatemala. Pogings om sulke agitators aan bande te lê, word bestempel as „ondemokraties." Hoe lank nog?

Potchefstroom. D. W. KRÜGER.